



# Helderstem

[www.nghelder.co.za](http://www.nghelder.co.za) - 021 851 5582 - [kommunikasie@nghelder.co.za](mailto:kommunikasie@nghelder.co.za)

## Wanhoop/onsekerheid

Ons lewe in 'n baie onseker tyd. Met tye in ons lewe was ons seker van baie dinge, was ons oortuig daarvan dat ons die antwoorde het. Maar dan gebeur daar dinge in ons lewens wat so groot of so baie is dat al ons antwoorde leeg word.

In 'n tyd van wanhoop en onsekerheid as dit voel of alles waaraan jy vasgehou het verbrokkel en die mense rondom jou kom met leë antwoorde. Waaraan kan jy vashou? God? Wat as jy jou vertrou in God ook verloor het?

Vandag gaan ons by die meester van wanhoop, hoop soek. Job se storie bly ons aangryp omdat dit nie kom met goedkoop antwoorde nie, maar juis die onregverdigheid van hierdie stukkende wêreld aanspreek.



## Sondag 19 Mei

*Wanhoop/onsekerheid*

*Job 30:16-31*

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:30 Klassiek	Danie O'Kennedy
10:00 Meditatief	Breda Ludik
10:00 Informeel	Paul Barnard
10:00 Jeugaktiwiteit	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

*Deurkollekte: MIV/VIGS*

### #Tienerkerk

*Vanaf 19 Mei tot 2 Junie is daar slegs  
Tienerkerk, nie  
dissipelskapgroepe nie.*

## Sinodenuus

Lees meer oor die

Sinodesitting van die Wes-Kaap by

<http://kaapkerk.co.za/sinodenuus-sinode-2019/>



## Sondag 26 Mei

*Selfveragting*

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:30 Klassiek	Hannes Theron
10:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
10:00 Informeel	Lizette Louw
10:00 Jeugaktiwiteit	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

## Bid saam met ons vir die volgende mense:

Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings

Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker

Paul van Staden - demensia  
Ilze Havenga - wag op nier-vervanging

Emmie van Tonder - chemo-behandeling vir kanker

Adri de Vries - kanker

Lizette van der Walt - kanker

Nancy Nel - verswak

Hanri Botha se ma - ernstig siek

Ansa Triegaardt - voetoperasie

Erol Bekker - operasie om

kanker te verwyder

Rina Smit - ICU

### Rou:

Francois O'Kennedy is

oorlede, ons dink aan sy vrou

Theresa en hul kinders en

familie.

*Moet ons vir jou bid? Laat weet*

*ons asseblief by die*

*kerkkantoor: 021-851 5582 of*

*ontvangs@nghelder.co.za*



### WiFi

Aanteken - NG-Guest

Wagwoord - a&8QS@xS

# Dagboek

## 28 Mei - Kerkraadvergadering

19:00 in die Kapel, almal is welkom

## 30 Mei - Hemelvaartfees

06:30 is daar 'n sonsopkomdiens met ontbyt, bespreek asseblief by die kerkkantoor

17:00 is kosstaljies en lekker saamkuier

19:00 is 'n *praise & worship* diens

## 2 Junie - Pinkster begin

7 Junie - Bordspelletjiesand vir alle ouderdomme

10 Junie - Helderberg Uitrek Jaarvergadering

25 Mei - Barista kursus

## Die week:

### Dinsdag 21 Mei

06:00 Kom bid saam

17:45 Kantory oefen

19:00 Omgeeieiersbyeenkoms in Korinte

### Woensdag 22 Mei

19:00 Belydenisgesprek

### Donderdag 23 Mei

17:30 DC, DC4K, S&P en GS

## Belydenis van geloof

*Informele diens*

Lunette Britz

## Pinkster

Spreker is Jan van der Watt

**Tema:**

Ek is Jesus se dissipel want....

**Sondagoggend 2 Junie:** Hy maak my lewe die moeite werd (1 Kor 15:12-20)

**Sondagaand 2 Junie:** Ek is soos Hy (Joh 14)

**Maandag 3 Junie:** Sy Gees lei my (Gal 4:16-26)

**Dinsdag 4 Junie** Hy leer my hoe om weer te begin (Matt 18:21-35)

**Woensdag 5 Junie:** Hy is net 'n gebed ver (1 Joh 5:14-15)

**Donderdag 6 Junie:** Ek sien vir die lewe kans (Prediker en Fil 4:13)

*Die dienste is elke aand om 19:00 en sal die volgende oggend om 10:00 in die Kapel herhaal word.*

## Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Pieter en Yolanda Filmalter met hul dogter Anke – Strand-Noord

## Vir jou dagboek HEMELVAARTFEES

Do, 30 Mei



## Barista kursus

Wil jy deel word van die koffie-baristaspan vir Sondae en ander kuiergeleentehede? Ons volgende barista kursus is op Saterdag 25 Mei van 9:00-12:00 @ R200pp.

Die baristaspan bestaan uit vrywilligers en word volgens hul beskikbaarheid geskeduleer.

Kontak Corneille by [hellohelderberg@gmail.com](mailto:hellohelderberg@gmail.com)

# Gebedsweek: 26 Mei tot 2 Junie 2019



Kom neem jou plek in vir 1 uur elke dag op die gebedsmuur en bid saam met die groter Helderbergkom vir herlewing in ons gesinne, gemeenskap, kerk en land.

*7 Days on the Wall* gebed inisiatief van Jericho Mure moedig ons aan om vir die volgende sake in te tree:

- Geestelike ontwaking van die kerk (Jesaja 62:6,7)
- Redding van die ongeredde (Handelinge 15:16)
- Sosiale geregtigheid (Lukas 18: 7,8)

Omgeegroepes, bybelstudiegroepe en individue word uitgedaag om in hierdie week net 1 uur per dag in te ruim vir gebed. Daar is baie inligting beskikbaar om vir 1 uur te bid; dan sien jy dat 'n uur eintlik te kort is.

Vir meer inligting kontak gerus vir:

Annette Botha by 021-851 5582 of [fbadmin@nghelder.co.za](mailto:fbadmin@nghelder.co.za)

A poster for the Helderberg Uitreik Jaarvergadering. The background is a close-up of green wheat stalks. The text is in white and yellow. In the top left corner, there is a logo with a stylized 'H' and the words 'Helderberg UITREIK'. The main text reads: 'Helderberg Uitreik Jaarvergadering', '‘n Vriendelike uitnodiging na Helderberg Uitreik se Jaarvergadering op 10 Junie om 18:30 by Helderberg Gemeente Firmountweg 82 Somerset-Wes'. At the bottom, there is a green banner with the text 'RSVP @ 5 Junie [louise@nghelder.co.za](mailto:louise@nghelder.co.za) 0218515582'.

# Kiddie Pinkster 2019

2-9 Junie (gr 1 – 6)

Hierdie jaar se Pinksterreeks: Talente en Geestelike geskenke van die Heilige Gees, van KidsXpress.

Elke aand sal daar geleentheid wees waar die kinders hulle talente kan kom wys in spesifieke kategorieë. Dit beloof om groot pret te wees en wie weet dalk sien julle iemand wat bekend is?



## 'n Vrugtefees saam met die Heilige Gees

**Kleuterpinkster (3-6 jariges)**

'n Opwindende reeks wat die wonderlike nuus van Pinkster in kinders se harte sal plant. Kleuters gaan speel-speel leer van die vrugte van die Gees en hoe om dit uit te leef. Kom ontmoet vir "Appelliefie" en leer saam met haar hoe ons soos kinders van God leef. Sien julle daar!



**Maak nuwe vriende deur  
deel te word van ons**

**h**ello**HELDERBERG**



Kom vind meer uit na die diens  
in die tent of stuur 'n epos na:  
[hellohelderberg@gmail.com](mailto:hellohelderberg@gmail.com)  
vir die vorms

## Heerlike droëwors

vanaf Merweville is te koop by  
Ontvangs @R120 per 500g, ten  
bate van die  
Versorgingsfonds.  
Ondersteun gerus ons  
Helderberg lidmate in  
nood.



Navrae Odette by  
[odette@nghelder.co.za](mailto:odette@nghelder.co.za)  
021-851 5582 indien jy op grootmaat  
wil aankoop.

**Kom bid saam met ons elke Dinsdag-oggend van 06:00 - 06:45 in die Tent. Ons bid vir die Gemeente, ons land, kerkraad en ander sake. Jy is baie welkom om deel van die groep te wees en in afhanklikheid van die Here te leef.**



# Symphony of Prayers


Sondag 2 Junie om 16:00 – Helderberg Gemeente

Die Symphony of Prayers-projek trek enige klassieke musikante bymekaar wat graag 'n verskil wil maak in ons gemeenskappe. Sangers en instrumentaliste sit koppe bymekaar om 'n konsert saam te stel wat gewyde klassieke musiek voorlê. Al die musici tree gratis op om sodoende hulle bydra tot die gemeenskap te lewer. Die gelde wat ingesamel word deur kaartjie verkope, word dan vir plaaslike projekte geskenk vir die groei en vooruitgang van die gemeenskap.

Helderberg is uiters bevoorreg dat Symphony of Prayers op 2 Junie só 'n konsert by ons wil hou.

Die helfte van die kaartjieverkope is ten bate van die Pêrel Gemeenskapsprojek vir Ontwikkeling en die res word aan die kerk geskenk. Kaartjies word teen R100 op Computicket verkoop, maar vir dié wat nie so vertrou is met die sisteem nie, kan kaartjies by die kerkkantoor koop. Navrae Yolanda Botha by 082 312 6348

Kom ondersteun asseblief hierdie wonderlike inisiatief en maak terselfdertyd 'n positiewe verskil in die lewens van ander. Hierdie belof 'n sielsverrykende geleentheid te wees en ons wil jou uitnooi om dit saam met ons te beleef.



---

## Bederfies benodig

Harmonie projek bied elke Donderdagaand 'n reeks herstel programme aan vir mense wat 'n

geliefde verloor het, asook enkelouers en hul kinders. Dit is daarop gemik om hulle te help om emosioneel en geestelik te herstel. Maar op 'n ander vlak help ons hulle ook met praktiese ondersteuning soos koopbewyse vir noodsaaklike aankope.

Hoe kan jy betrokke raak? Ons sluit elke reeks af deur vir elkeen 'n bederfpakkie te gee. Dit bevat gewoonlik eetgoedjies om die vakansiedruk bietjie te verlig en ietsie spesiaals in elke pakkie. Ons benodig bydraes soos eetgoed, *hot chocolate*, *Hug in a Mug*, winkel koopbewyse, klein geskenkies soos grimeer "samples" of enige "stocking" vuller waarmee ons hul kan bederf. Omgegroepe kan saam 'n klompie goed gee, of jy as individu kan iets skenk. Elke sak hoef nie dieselfde items te hê nie. Bydraes kan afgegee word by die kerkkantoor – gemerk vir Harmonie. Of kontak Annette Botha by [harmonyhelderberg@gmail.com](mailto:harmonyhelderberg@gmail.com) of 072 189 9360





*Seniorsorg het 'n moedersdag tee by Huis Marie Louw gehou. Soos altyd 'n heerlike oggend van koek, geskenkies en musiek deur Dawie.*



## Sweetpakmateriaal

Die Dienssentrum is op soek na enige afval sweetpakmateriaal. Hulle het dames wat sweetpakbroekies maak vir die projekte, maar is nou op soek na nog materiaal.

Kontak vir Yolandé van die Dienssentrum by  
021 850 6911



## Elke tree maak 'n verskil

### Kilometers vir kinders

Leoné Malan stap steeds die Camino de Santiago pelgrimstog vir fondse vir Uyavula se droom om klaskamer-biblioteke te kan inrig.

Toe ek by een van ons skole in die gemeenskappe werksaam was, was ek geskok oor die feit dat daar bykans geen storieboeke in die klasse beskikbaar was nie. Opvoeders het self boeke (en meeste skryfbehoeftes) self aangekoop. Met 40 plus kinders in 'n klas is dit baie moeilik. Dink maar wat een klein rakkie se storieboeke kos. Sonder boeke kan 'n liefde vir lees nie gekweek word nie en beïnvloed dit 'n kind se akademiese vordering en hele toekoms.

Indien jy ook wil deel in hierdie droom en 'n verskil in verskeie kinders se lewens wil maak, kontak asseblief vir Adéle Botha by [passion4literacy@gmail.com](mailto:passion4literacy@gmail.com) of Amanda by [manda.devilliers@gmail.com](mailto:manda.devilliers@gmail.com) of 072 874 1047. Leoné kan per km geborg word of 'n eenmalige donasie kan gemaak word.



## Pêrel Projek

Die bestuur van die Pêrel Projek sê baie dankie vir almal wat in die afgelope tyd op enige manier bygedra het tot die projek.

### Wil jy betrokke raak by die Pêrel projek?

Ons soek vrywilliger(s) wat:

- Gereeld tydens skoolkwartale op 'n Woensdagmiddag vir 'n uur kan uithelp by 'n middagprogram vir graad 1 en 2 kinders.
- Twee keer per maand tussen 2 en 3 uur in die middag 'n storie vir kleuterskoolkinders kom lees by een van ons ECD sentrums.

Vir inligting kontak asb die koördineerder Frederike van Schalkwyk by 076 177 6256 of [info@pearlproject.co.za](mailto:info@pearlproject.co.za).

Inligting oor die projek: [www.pearlproject.co.za](http://www.pearlproject.co.za)



Helderberg  
UITREIK

## Komberse en mussies voor die winter

Op Dinsdag 14 Mei het 'n groepie vrywilligers uit die Dienssentrum van Helderberg Uitrek per bussie uitgery na Lwandle om komberse en mussies aan 60 graad RR-leerdertjies by Umnqophiso Pri-Primêre skool te gaan aflewer. Dit was 'n onvergeetlike ervaring. Baie dankie aan al die dames van Helderberg- en Moeder-gemeentes wat so fluks brei.



Anvanklik is lekkers en mussies uitgedeel, terwyl die kleintjies besonder gedissiplineerd sit en wag het vir hul kombers, wat elkeen die ontvanger se naam op gehad het. Die helder, vriendelike gesig-gies en uiteenlopende haarstyle was kenmerkend van die oggend.

Die netjiese binnehof is gebruik vir die geleentheid, en met ons vertrek is ons uitbundig gegroet vanaf die netjiese speelterrein.

Die skool is tans in sy 24'e jaar, en huisves 230 graad RR- en graad R-leerders, met 12 onderwysers en 4 addisionele personeellede. Dit is 'n geakkrediteerde opvoedkundige instelling en word deur die staat befonds. Dit bied ook na-skoolse toesig vir leerders, asook opleidingsklasse vir dagversorgers.



Willem Theron

Helderberg  
UITREIK



# VIGSherdenking

Wêreldwyd verenig gelowiges jaarliks in gebed oor die vernietigende impak van die vigs epidemie sedert die vroeë tagtigs. Ons verbind ons opnuut om deel te wees van die oplossing op die pad vorentoe.

Hierdie jaar se tema vra dat ons as kerk ons verbind tot die bevordering van die menswaardigheid van MIV positiewe mense en vir die bevordering van toegang tot gesondheidsdienste.



## Gebed:

Here God, na soveel dekades wat MIV en VIGS met ons is, is daar diegene aan wie dit baie naby gekom het, maar ook baie van ons wat steeds net op 'n afstand daarvan weet. Of dit naby is en of dit ver is, vandag wil ons saam met gelowiges oraloor dink aan miljoene mense wêreldwyd wat hul lewens verloor het vanweë VIGS-verwante siektes. Met 7 miljoen mense net in ons eie land wat met MIV lewe en hul geliefdes wat daardeur geraak word, kan en wil ons dit nie net ignoreer nie.

Here, ons wil liefde en deernis bewys aan elkeen wat met die realiteit van MIV leef. Ons wil dit doen deur eers net ons eie vooroordele en onkunde hieroor te bely. Vergewe die gesindheid en houding wat ons so maklik het wat seermaak en diskrimineer. As geloofsgemeenskap wil ons mense wat seergekry het, pyn ervaar en uitgestoot is, veral deur die kerk, nader trek, omarm, ondersteun en begelei op 'n pad van heling en vrede. Skenk aan ons die genade om verwelkomend te wees, 'n plek waar mense veilig voel, waar hulle kan groei en waar ons U saam kan aanbid, sonder veroordeling van mekaar. Help ons ook in die heel praktiese, om hulp binne mense se bereik te bring sodat behandeling en mediese sorg vir elkeen moontlik sal wees.

Ons wil aan U die eer gee vir die deurbrake wat reeds bereik is in die behandeling van MIV. Ons bid in besonder vir diegene wat vanweë armoede nie toegang tot goeie sorg het nie. As ons die instrumente kan wees waardeur hulp by elkeen uitkom wat dit nodig het, laat ons harte nie verhard wees nie, Here.

Here, wees ons genadig en kom tot ons redding. Amen

Vir meer inligting, kontak Aneleh by [management@cabsa.org.za](mailto:management@cabsa.org.za)

CABSA facebook- en webblad [www.cabsa.org.za](http://www.cabsa.org.za)

## Wen 'n lekker trollie vir jou kaggelhout

Die winter is om die draai en dan moet jy weer elke aand kaggelhout aandra. Moenie so sukkel nie. Koop vir jou 'n kompetisiekaartjie om hierdie fantastiese trollie te wen vir jou kaggelhout. Laai hom vol en parkeer hom langs jou kaggel.

Die kompetisie, wat vir die Herfsmakietie bedoel was, loop aan tot 10 Junie, omdat daar te min kaartjies verkoop is.

Kaartjies @ R50 elk is te koop by die Kerkkantoor. **Ten bate van die Sri Lanka-projek.**

Prys geborg deur **The Trolley Company**  
[www.trolleycompany.co.za](http://www.trolleycompany.co.za)



## Hulp vir die bomslagoffers in Sri Lanka

Sri Lanka was onlangs die slagoffer van verwoestende ISIS terroriste aanvalle by kerke en hotelle. 'n Spesiale oproep het van ons vennoot, die Christian Reformed Church in Sri Lanka gekom om saam met hulle twee spesifieke gesinne te help en te ondersteun. Beide gesinne het familieledede (ook broodwinners) verloor en het tans nog kinders



in ICU weens beserings en wonde opgedoen tydens die ontploffings. Een gesin is van die Katolieke Kerk, St. Anthony's Shrine in Negombo naby Colombo en nou verwant aan een van die CRCSL leraars en ons Sri Lanka projek. Die ander gesin is van die Protestant Zion Church in Batticaloa aan die Oos-kus van Sri Lanka.

Finansiële bydraes sal baie waardeer word en 'n direkte positiewe impak op die geaffekteerde mense maak. Die fondse sal noukeurig deur ons Sri Lanka projekspan en die CRCSL bestuur word.

Betalings kan gemaak word aan Helderberg Uitrek (besonderhede is op laaste bladsy) met verwys: Rampfonds SL  
Navrae: Paul Kilian [pckilian@gmail.com](mailto:pckilian@gmail.com)



# 'n Lewe saam 'n kind met outisme

## Getuienis:

As enkelouer het ek met soveel oorgawe uitgesien na die geboorte van my jongste seun. Op tweejarige ouderdom het hy hierdie aggressie en woede uitbarstings begin kry en dit het erger geraak hoe ouer hy geword het.

So het ons nagmerrie toe begin met besoeke aan verskillende dokters. Die medikasie het my kind in 'n zombie/besetene verander. Sy uitbarstings het so erg geword dat ek hom daaglik by die skool moes gaan haal het. Geen skool was bereid om hom verder te help nie. Ek het in hierdie tyd agtergekom dat mense baie min simpatie het, en my as slegte ma beskou het, onbewus van wat aangaan.

Dinge soos skoenveters wat op 'n sekere manier vasgemaak moet word, kos wat nie presies reg bedien word nie, sonskyn op sy vel, en 'n waterdruppel op sy klere het 'n krisis geword.

Ma-wees was skielik niks meer as 'n daaglikse geveg met jou kind, onderwysers en dokters nie. My kind het nie sy uitbarstings verstaan nie en het homself gehaat vir sy gedrag. Sy boetie mos homself grootmaak en ek het gesukkel met my baie teenstrydige emosies. Daar was geen sosiale lewe nie want ek kon nie waarborg dat daar nie 'n uitbarsting gaan wees nie. Ek het my lewe op my knieë deurgebring.

My seun is uiteindelik met outisme gediagnoseer en was by 'n skool aanvaar. 'n Familielid het aangebied om sy skoolgeld te borg want dit was peperduur, asook sy maandelikse medikasie. Ongelukkig na 'n paar insidente, moes ons 'n ander plek kry waar hy een-tot-een onderrig kon kry.

Helderberg Gemeente het hulle harte oopgemaak en vir ons 'n klaskamer gegee wat ons elke dag kon gebruik, en so kon hy weer met 'n "semi-normale" lewe begin.

Vandag is my seun 17 jaar oud, met 'n ongelooflike persoonlikheid, 'n liefde vir die lewe, lees en rugby en droom hy van Springbok word. Die lewe sal altyd vir ons almal uitdagings bied, maar met die genade van God kan ons dit aanpak.



**Helderberg Gemeente  
Bankbesonderhede**

**Bank** ABSA Somerset-Wes  
**Rek nr.** 2900 590 094 (tjek)  
**Rek naam** NGK Helderberg  
**Takkode** 632 005  
**Verwysing** Naam of bediening  
**Navrae** Antoinette du Toit  
021- 851 5582

**Helderberg NG Gemeente**

021-851 5582  
www.nghelder.co.za  
**Leraarnoodnommer**  
**083 988 2003**  
ontvangs@nghelder.co.za

**Kerkkantoorure**

Weeksdae: 08:00 - 16:00  
Vrydae: 08:00 - 13:00  
Sondae: 08:30 - 11:30

**Skoolvakansie: 8:00 - 13:00**

**Helderberg Uitreik**


**Bankbesonderhede vir Art 18A**

ABSA Helderberg-tak: 632005  
Rek nr. 9114483080  
Spaarrekening  
Verwysing: Projeknaam of WBB

**Beradingsentrum:**

Telefoon: 079 417 3863  
berading@nghelder.co.za  
Annette - 021-850 6923

 SnapScan

 SnapScan



PXMP14718



PXMP14719

**Helderberg Gemeente**

**Helderberg Uitreik**

Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansiell en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op [www.nghelder.co.za](http://www.nghelder.co.za) onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

**Versorgingsfonds**



**Bankbesonderhede**

**Bank** ABSA Somerset-Wes  
**Rek nr.** 2900 590 094 - tjek  
**Rek naam** NGK Helderberg  
**Takkode** 632 005  
**Verwysing** *Versorgingsfonds*